NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
Hatfield 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

28.02.2008

VERKLARING MODERATUUR ALGEMENE SINODE NG KERK
IN SAKE KOSHUISGEBEURE UV-KAMPUS

Die effek van die walgvideo wat in Pres Reitzkamerwonings op die UV-kampus gemaak is, kring so wyd uit dat ons genoodsaak is om in hierdie troebel en emosionele omstandighede dringend op ‘n paar sake te wys.

Of die video toneelspel of werklike gebeurtenisse uitbeeld, verander nie aan die walglikheid daarvan nie. Gesonde rasseverhoudinge in Suid-Afrika is uiters sensitief vir enige aksie wat op rassisme neerkom of so verstaan kan word. In so ‘n verhitte klimaat lei die negatiewe aksies van onbesonne enkelinge tot gespanne verhoudinge tussen groepe en die lyding van onskuldige mense in hierdie groepe. Berigte oor die gevolge van die walgvideo op die UV-kampus alleen bevestig hierdie stelling.

Dit is noodsaaklik dat rassistiese optrede deur wie ookal wat die menswaardigheid van mense in die Bybelse sin van die woord aantas, veroordeel en uitgeroei word. Dit dra eenvoudig daartoe by dat die Suid-Afrikaanse samelewing eerder verder as nader aan ‘n oplossing vir sy gespanne verhoudinge kom. Die antwoord op hierdie probleme lê nie in ‘n openlike veragting en pogings tot ‘n vernedering van mekaar nie, maar in onderlinge respek, beleefdheid en regverdigheid teenoor mekaar. In die gee van lewensruimte en ‘n erkenning van die positiewe in mekaar.

As ‘n eie koshuiskultuur of -leefwyse alleen gehandhaaf kan word deur die minagting of vernedering van ander, is daar ernstig fout daarmee. ‘n Gesonde verskeidenheid sal nie die erkenning van die reg en menswaardigheid van ander in gedrang bring nie.

Ons hoop dat die gebeure by die UV almal in die land sal aanspoor om rassisme te bestry en saam en vreedsaam te strewe na die handhawing van ‘n ruimte vir almal binne die wet en aanvaarbare norme en standaarde. Rassehaat is nie ‘n oplossing vir griewe of onaanvaarbare optrede nie. Ons neem ook met dankbaarheid kennis van die optrede van die polisie en die bestuur van die UV om geweld en die verdere beskadiging van eiendom te voorkom, die situasie te ontlont en die skuldiges te straf vir hulle optrede.

‘n Deeglike, onbevange ondersoek na die oorsake van die gebeure en gepasde optrede om ‘n herhaling daarvan te voorkom, is nodig.

Prof Piet Strauss
Nms Moderatuur Algemene Sinode NG Kerk
082 557 3414